## OP DIE SPORE VAN THOMAS VAN AQUINO (1274-1974): 'N BIOGRAFIESE SKETS

Die dood van die groot Middeleeuse denker, Thomas van Aquino, sewe eeue gelede (7 Maart 1274) is vanaf 17 - 24 April by wyse van 'n internasionale kongres te Rome en Napels in herinnering geroep. Ongeveer 1,500 geleerdes uit nie minder as 60 lande oor die hele wêreld het die verrigtinge bygewoon. Meer as 150 lesings is tydens die kongres gelewer en sal (tesame met die bydraes van nog 400 kongresgangers wat nie gelees kon word nie) in die kongresacta verskyn wat na berekening 15 volumes sal beslaan. Die sentrale tema van die kongres was: "Thomas van Aquino en die fundamentele probleme van ons tyd".

**Roomse gebeurtenis**

Soos bekend is Thomas dié filosoof van die Roomse kerk. Hy is nie alleen in 1323 heilig verklaar nie, maar sy geskrifte dra so 'n gesag in Roomse milieu dat sy hoofwerk, die *Summa Theologiae,* by die Konsilie van Trente langs die Bybel op die altaar van die vergadersaal gelê het. In 1879 word sy denke deur Leo XIII gekanoniseer en daarna het daar 'n geweldige oplewing van die Thomistiese denke plaasgevind, sodat die kongres in Rome op byna 'n eeu van intensiewe Thomasstudie kon terugkyk. Dit is te begrype dat die kongres feitlik uitsluitlik deur Roomse geleerdes bygewoon is.

**Betekenis vir die Calvinisme**

Wat is die sin daarvan vir 'n Calvinis om so 'n kongres by te woon en is dit gepas om oor 'n Rooms-Katoliek in 'n blad soos hierdie te skrywe? Om die volgende vyf redes is dit myns insiens nie onvanpas nie.

In die eerste plek moet in gedagte gehou word dat die Reformasie van die 16e eeu met vele drade nog aan die voorafgaande Middeleeuse denke verbonde was. In 'n sekere sin was die Reformatoriese beweging 'n reaksie teen die Middeleeuse Roomse denke. Veel beter begrip van die werk van mense soos Luther, Zwingli en Calvyn is dus moontlik as ons dit waarteen hulle gereageer het goed ken. Aan die een kant kan die invloed van die Middeleeuse denke by hulle nagegaan word en aan die ander kant ook die unieke van hulle arbeid na vore gebring word.

In die tweede plek is dit 'n bekende feit dat reeds kort na die baanbrekerswerk van die reformatore die Protestantisme weer in die Aristotelies-Skolastiese denke van die Middeleeue teruggeval het sodat van 'n eie, oorspronklik-gereformeerde Wysbegeerte gedurende die 17e tot 19e eeu niks teruggekom het nie.

In die derde plek het navorsing aangetoon dat die herlewing van die Thomisme aan die einde van die vorige eeu (o a as gevolg van die reeds genoemde werk van Leo XIII) 'n geweldige invloed op gereformeerde denkers soos o a H Bavinck en A Kuyper gehad het.

Vierdens was die gesprek met die Roomse denke om een of ander rede nog altyd 'n populêre tema onder die voorstanders van die Wysbegeerte van die Wetsidee. Ook vele Protestantse teoloë (onder hulle ook Suid-Afrikaners) promoveer oor een of ander aspek van die Roomse denke.

Laastens lewe ons in 'n ekumeniese tyd wat nie baie van vroeëre verdeeldhede wil hoor nie. So 'n kongres bied 'n uitstekende geleentheid om op hoogte van die moderne Thomistiese denke te kom en nie alleen waar te neem hoe hulle op allerlei wyses probeer om Thomas vir vandag aktueel te maak nie, maar ook om vas te stel of die moderne Rooms-Katolisisme werklik nader aan die Skrif beweeg het soos so dikwels beweer word. Is daar by hulle meer openheid en groter bereidheid om hulle dogmas in die lig van die Skrif alleen te laat toets?

**Pelgrimstog langs die "Thomasroete"**

Hierdie artikel wil ter inleiding eers iets oor Thomas as mens vertel — nie net omdat 'n besoek aan die gedenkwaardige plekke uit die lewe van Thomas 'n deel van die kongresgebeure was nie, maar ook omdat iemand se denke en lewe, en ook die tyd waarin hy gelewe het, nie apart sonder enige verband naas mekaar staan nie.

**"Donker Middeleeue"**

Hierdie benaming van die tyd waarin ook Thomas gelewe het, doen daaraan groot onreg. In die eerste plek was dit allermins 'n donker tydperk en in die tweede plek was dit nie — soos die woordjie "middel" suggereer — 'n blote tussentydperk of onbelangrike intermezzo in die geskiedenis van die Westerse denke nie. Die ongeveer 1,000 jaar van Middeleeuse denke vorm 'n inherente deel van ons

beskawingsgeskiedenis waarsonder ons die Westerse beskawing soos wat dit vandag daaruitsien, nie sal kan begryp nie. Om dit baie kort te stel: Voor die Middeleeue was dit 'n pagane kultuur wat die Woord nie geken het nie en na die Middeleeue ontstaan die moderne kultuur wat die Woord van God nie meer wil erken nie. Wat het dan met die Christendom gedurende die duisend jaar gebeur dat ons vandag in 'n "post-Christelike" tyd lewe? Hierdie vraag wil alleen die aandag vestig op die belang van die Middeleeue ook vir ons as Christene vandag; die bedoeling is nie om hier 'n antwoord daarop te gee nie.

**Kronologiese oorsig.**
Gerieflikheidshalwe deel ons die lewensgeskiedenis van dié filosoof van die Middeleeue in die volgende periodes in:

1225 - 1252 voorbereidende jare
1252 - 1259 eerste periode van onderrig in Parys
1259 - 1268 eerste periode van onderrig in Italië
1268 - 1272 tweede periode van onderrig in Parys
1272 - 1274 tweede periode van onderrig in Italië

Met hierdie hoofindeling as raamwerk kan op enkele fynere besonderhede van sy lewe gelet word.

**Geboorte**
Thomas word in 'n stormagtige tyd gebore: stryd tussen pous en keiser, revolusionêre bedelordes, ontdekking van die filosofie van Aristoteles wat die wêreld in beroering sou bring, bedreiging van die Christendom deur die fanatieke Islam vanuit die Asiatiese wêreld — net om 'n paar dinge te noem.

Hy is aan die begin van 1275 in die kasteel Rocca secca, noordwestelik van die dorpie Aquino (tussen Rome en Napels) in die toenmalige koninkryk van Napels gebore — die seun van Landdulphus, die graaf van Aquino, en Theodora, 'n gravin van Teano. Uit 'n hoogadelike geslag dus — sy familie was nie alleen aan die keiser Hendrik VI en Frederik II nie, maar ook aan die konings van Aragon, Castilië en Frankryk verwant. Die tradisie is ryk aan allerlei verhale van voortekens nie net tydens, maar selfs voor die geboorte van die latere *doctor angelicus*. Vir Protestante is dié stories egter nie so maklik verteerbaar nie.

Die kongresgangers het Sondagmiddag (21 April) laat by die dorpie Aquino aangekom om deelgenote te word van die feestelike optogte en om lofredes in vloeiende Italiaans aan te hoor. Die Aquiners is na sewe eeue nog trots daarop dat die groot heilige in hulle distrik die eerste lewenslig aanskou het. In die moderne kerk op die dorp word Thomas in pragtige mosaïekwerk uitgebeeld. Die trotste besitting van die kerk is 'n Thomas-relikwie — blykbaar een van die ribbes van die heilige — wat veilig agter goud en glas bewaar word.

Vanaf Aquino is ons die berge in na die klein plekkie Rocca Secca waar 'n vriendelike ontvangs deur die plaaslike inwoners op ons wag. Die burgemeester lewer 'n toespraak en 'n kardinaal uit Pole en 'n biskop uit Spanje antwoord gepas. As toegif word nog 'n spesiale koperpenning ter herdenking van die geleentheid uitgedeel.

Dit het reeds begin skemer word — die son hang soos 'n groot rooi bal teen die aandlig — maar ons beur teen die steiltes uit deur al die bouvalle uit vervloeë eeue. Halfpad die berg uit staan die eenvoudige Thomas-kerkie wat tans gerestoureer (feitlik heeltemal herbou) word. Hiervandaan kronkel die paadjie omhoog tussen die murasies deur totdat uiteindelik, heel bo-op, die ruïnes van die kasteel Rocca Secca opdoem. Dit is jammer dat dit reeds donker is en geen foto's meer moontlik is nie. Thomas was 'n bevoorregte kind om hier, so hoog in die berge, sy eerste lewensjare te kon deurbring. Die omliggende landskap kan myle ver vanuit hierdie eertydse vesting beskou word.

**Eerste lewensjare**

As Thomas in 'n natuurskoon omgewing gebore is, geld dit in 'n nog groter mate van die plek waar hy sy eerste lewensjare deurgebring het. Thomas se vader was ook in die investituursstryd tussen Pous en keiser betrokke, maar na die vrede van St. Germano word die vyfjarige Thomas deur sy ouers as "vredespand" in die Benediktynse klooster van Monte Cassino geplaas waar hy, sonder om aan bepaalde kloostergeloftes verbonde te wees, nege jaar lank onder toesig van sy oom, ab Sinnibaldus, in die eenvoudige bestaan van die monniklewe deel. Die afsondering van die kloosterbestaan moes 'n groot invloed op die jong seun gehad het. Min het sy vader geweet dat Thomas nog teen sy vader se sin self monnik sou word!

Die Italianers kan voortreflike wyn maak en net sulke uitstekende spagetti, maar hulle het blykbaar nie 'n besondere charisma vir organisasie nie en nog minder hardloop hulle mee in die moderne "rat race". (Naas "African time" bestaan daar, lyk my, ook soiets soos "Italiaanse tyd" — wat nie veel daarvan verskil nie. Gevolglik het die tyd ons ontglip sodat die beplande besoek aan Monte Cassino afgelas moes word. Wie al soveel van hierdie moontlik beroemdste klooster in die wêreld gehoor het, kan egter nie daar wegbly nie sodat twee van ons op pad terug van Napels na Rome daar aangedoen het. Dit was die moeite werd!

Vanaf die dorp Cassino kronkel die pad sigsag vir 10 km die berg uit. Die panoramas van heel bo-af is asembenemend. Die deur is al gesluit, maar die vriendelike broeder is bereid om die kongresgangers tog nog iets te laat sien.

Benedictus (±480-547) het in 529 die eerste klooster hier op die plek van 'n heidense tempel gebou. (In die klooster is daar nog talle dinge uit die geskiedenis van hierdie heilige en sy suster Scolastica — o a ook hulle heilige bene!) Nadat dit ongeveer 581 deur die Longobarde verwoes is, is dit vroeg in die 8ste eeu eers weer herbou. Kort daarna, in 883, word dit egter deur die Saraceense hordes gesloop om eers in die middel van die 10e eeu weer opgebou te word. Vir 'n derde keer is dit in 1349 feitlik met die grond gelykgemaak. Hierdie keer nie deur mensehande nie, maar as gevolg van 'n aardbewing. Weer is dit herbou om op 15 Februarie 1944 deur die Geallieerdes plat gebombardeer te word. Die ontsaglike groot kerkhowe in die dale onder herinner daaraan dat hierdie bykans oninneembare vesting in die Tweede Wêreldoorlog die lewens van honderdduisende mense gekos het. Die leuse op een van die wapens van Benedictus is egter blykbaar ook op Monte Cassino van toepassing: "Succisa virescit" d w s platgeslaan kom dit tot nuwe lewe. In 1964 is die hele kompleks, volgens die oorspronklike herbou, deur die huidige Pous, Paulus VI, weer geopen.

**Studentejare**

Vanaf Monte Cassino na Napels, want dit is die plek waarheen Thomas vlug toe die oorlog tussen pous en keiser in 1239 opnuut uitgebreek het en Frederik die

beroemde abdy tot 'n vesting wou omskep. Dit is 'n groot stap wat die jong Thomas doen. Vanuit die afsondering en beskermende omgewing van die ou Benediktynse klooster, met sy vroeg-Middeleeuse karakter wat nie meer in die nuwe tyd pas nie, na 'n groot stad; na die eerste staatsuniversiteit in die Westerse Wêreld; na 'n universiteit waar hy met die pas ontdekte denke van Aristoteles sou kon kennis maak soos op geen ander plek nie; na 'n plek waar hy die eerste generasie van die aktiewe bedelordes (wat vrywillige armoede propageer) sou ontmoet.

Thomas studeer in die sg *artes liberalis* en een van sy leermeesters, Petrus Hibernus, laat die jong edelman met Aristoteles kennis maak. (Thomas sou later na die groot Griekse denker verwys as "die filosoof" omdat daar vir hom geen gelyke van die Stagiriet, Aristoteles, was nie!) Omdat die Universiteit van Napels destyds op die grens van die Oosterse en Westerse wêreld gestaan het en die Romeinse offisiële ban oor Aristoteles nie hier gegeld het nie, was dit die heel beste plek om met dié Griek se denke kennis te maak.

Thomas was nie alleen revolusionêr daarin dat hy die amptelik verbode filosofie van Aristoteles bestudeer nie. Hy verrig behalwe op profane vlak ook op sakrale vlak 'n rewolusionêre daad deur teen die wil en sonder die medewete van sy moeder tot die bedelorde van die Dominikane, wat vrywillige armoede en studie as ideaal stel, toe te tree. In April 1244, kort na sy vader se dood (in 1243) ontvang hy in die S Domenico Maggiore ('n kerk wat vandag nog in Napels besigtig kan word) die kleed van die heilige Dominicus.

**Gevangenisskap**

Sy ontstelde moeder Theodora haas haar na Napels, maar Thomas ontwyk haar sodat hy nie langer deur sy moeder in sy ideale verhinder sou word nie. In opdrag van sy moeder word Thomas op pad van Italië na Frankryk egter deur sy twee soldatebroers Lanolfus en Arnoldus onderskep. Toe hy nie na sy moeder se pleidooie wou luister nie, word hy in die kasteel gevange gehou. Tot ontsteltenis van die moeder oorreed Thomas een van sy twee susters, wat ook by hom kom pleit het, om 'n non te word! Toe sy twee broers van die kamp af terugkeer, word Thomas deeglik onder hande geneem — selfs sy monnikkekleed word van hom afgeskeur. In opdrag van sy moeder word

hy onder streng bewaking in die vesting van Rocca Secca opgesluit. Hier probeer sy ruwe broers (nog steeds volgens oorlewering) om hom met 'n slegte vrou te verlei, maar ook hierdie poging is onsuksesvol.

Thomas bring sy gevangenisskap deur met onder andere studie van die werke van Petrus Lombardus en Aristoteles. Sy liefde vir laasgenoemde groei.

**Studentejare aan Parys en Keulen**

Na 'n jaar (of twee?) besef sy moeder dat daar geen salf aan hom te smeer is nie en omdat sy vrees dat sy gestraf mag word, gee sy toestemming dat sy Dominikaanse broeders hom mag wegneem. Met die hulp van een van sy susters, "ontsnap" hy in 'n mandjie nadat die wagte verwyder is. In 1245 vertrek Thomas (op ongeveer twintigjarige leeftyd) vanaf Rome na die noorde, na die "stad van die filosowe" en die "brandpunt van teologiese kennis" — soos die toenmalige Parys bekend gestaan het. Die Universiteit van Parys het kort na sy stigting (ongeveer 1200) dié universiteit van die Weste geword.

Ten spyte van die pouslike verbod word die werke van Aristoteles tog aan hierdie Universiteit bestudeer. Ook Thomas sè nuwe leermeester, Albertus Magnus (1193-1280) is 'n ywerige Aristoteles-student. Hierdie beroemde leermeester van die Dominikane stel hom ten doel om die Griekse (veral Aristoteliese), Joodse en Arabiese wysheid vir die Christelike Weste d m v parafrase te ontsluit. Albertus Magnus het groot invloed op die denkontwikkeling van Thomas. As Albertus na Keulen vertrek, volg Thomas hom ook daarheen en studeer nog tot ongeveer 1252 onder hom — altesaam dus ongeveer sewe jaar.

Daar word vertel dat Thomas 'n baie swygsame student was en dat sy mede-studente dit aan onnoselheid toegeskryf het sodat hy die bynaam van *bos mutus* (dom os) gekry het. Nadat hy egter eenmaal onder voorsitterskap van Albertus een of ander onderwerp skitterend verdedig het, was sy leermeester se kommentaar: "Julle noem hom dom os maar hy sal nog eendag so geweldig bulk dat die hele wêreld hom sal hoor". Sy mede-studente sou seker nie kon droom van die rol wat sy denke nog in die Roomse Kerk sou vervul en dat sewe eeue later 'n internasionale kongres ter ere van hom gehou sou word nie!

**Eerste periode van onderrig in Parys**
Vanaf 1252 doseer Thomas aan dieselfde Universiteit waar hy student was. Saam met sy kollega Bonaventura (wie se dood, sewe eeue gelede, in September vanjaar ook by wyse van 'n internasionale kongres in Rome herdenk word) moes hulle as lede van die bedelordes baie verduur. Na veel stryd maak Pous Alexander IV egter met 'n uitspraak ten gunste van die ordes aan die vervolging 'n einde.

'n Kostelike staaltjie van professorale verstrooidheid word van Thomas vertel terwyl hy met die dwaalleer van die Manicheïsme in stryd gewikkel was. In die tyd word hy deur Louis, die koning van Frankryk vir 'n dinee uitgenooi waarheen hy saam met sy sekretaris gaan. Tydens die ete raak hy egter so verdiep in sy eie gedagtes dat hy tot onsteltenis van almal skielik met sy vuis op die tafel slaan en uitroep: "Dit is verby met die Manicheïsme!" en tot sy sekretaris: "Staan op en skryf!" Die verleë sekretaris moes eers aan Thomas verduidelik dat hy nie in sy eie huis is nie, maar aan die koninklike tafel, terwyl hy om verskoning moes vra vir die gedrag van die professor.

**Eerste periode van onderrig in Italië**
Vanaf ongeveer 1259 - 1268 doseer Thomas aan verskillende plekke in Italië o a Anagni, Viterbo en Arvieto. Veral sy verblyf aan die hof van Pous Urbanus IV (1261-1265) dien as stimulus vir nog verdere Aristoteles-studie. Urbanus sit die pogings van sy voorganger Gregorius IX voort nl om die filosofie van Aristoteles in die Christelike wêreld op so 'n wyse op te neem dat daaruit die grootste profyt getrek kan word met die minste skade vir die Christendom. Op een tydstip (±1262) is daar aan die hof van hierdie pous nie minder as vier Aristoteles-entoesiaste nie. Behalwe die pous en Thomas self ook Albertus Magnus en Willem van Moerbeke. As taalkundige het laasgenoemde vele kommentare op Aristoteles en ook werke van Aristoteles self uit die Grieks vertaal of bestaande vertalings verbeter. Thomas se eie Aristoteles-kommentare stam ook uit hierdie periode en die grootste deel van sy *Summa Contra Gentiles*, waaruit die groot invloed van die Stagiriet blyk, is ook aan die hof van Pous Urbanus geskryf.

**Tweede periode van onderrig in Parys**
Thomas word in 1268 na Parys teruggeroep. Wat sy literêre aktiwiteit betref, word dit 'n baie vrugbare tyd.

Egter ook 'n moeilike tyd want hy raak in vele konflikte betrokke. Aan die een kant stry Thomas teen die konserwatiewe Augustynse rigting (van veral die Fransiskane) omdat hy 'n meer progressiewe Aristoteliserende rigting voorstaan. Aan die ander kant wil hy egter ook nie so ver as die Averroïstiese Aristotelisme in die aanvaarding van die Griekse denke gaan nie sodat hy ook hierdie rigting moet beveg. Thomas se stryd teen die Averroïste word wel in 1270 besleg toe die Biskop van Parys dit amptelik veroordeel, maar die moeilikhede waarin sy sintesedenke hom laat beland het, blyk duidelik daaruit dat na sy dood toe die Averroïste in 1277 finaal veroordeel is, ook sekere stellings van Thomas self veroordeel is! Sy ou leermeester, Albertus Magnus, moet hom van Keulen na Parys haas om sy ontslape leerling se idees te verdedig!

**Tweede periode van onderrig in Italië.**

Die laaste deel van sy lewe (1272-1274) doseer Thomas aan Napels waar hy as student sy eerste akademiese opleiding gehad het. In die Chiesa St Dominico Maggiore kan sy werk- en slaapkamer vandag nog besigtig word. Buite die deur hang nog die klok waarmee die studente klas toe geroep is. Die waardevolste(?) in die vertrek is nog 'n Thomas-relikwie. Hierdie keer 'n gedeelte van sy voorarmbeen!

Thomas word deur Pous Gregorius X na die Konsilie van Lyon ontbied en aanvaar die lang reis in Januarie 1274. Onderweg word hy egter siek en sterf op 7 Maart 1274 in die klooster Fossa Nova op nege-en-veertigjarige leeftyd.

Fossa Nova (aan die voet van die Monte Lepini) was oorspronklik 'n Benediktynse klooster. (Die Benediktyne is nog een van die talle Roomse Ordes. Volgens een van die Rooms-Katolieke kongresgangers weet die Heilige Gees alleen hoeveel verskillende ordes daar is: 'n Onlangse offisiële lys toon egter bykans 1,300!) In ongeveer 1135 word dit onder Pous Innocentius II deur die Cistercyne (nog 'n ander orde wat in 1098 tot stand gekom het) oorgeneem. Hierdie monnik het die moerassige omgewing drooggelê deur 'n nuwe dreineringssloot of *fossa nova* te grawe — vandaar die naam van die plek. In 'n afsonderlike gebou langs die klooster (blykbaar die gastehuis) is 'n bovertrek wat as die sterfplek van Thomas aangedui word. Die vertrek is later in 'n kapel verander en bokant die altaar is in 'n pragtige stuk marmer reliefwerk die dood van die heilige deur kunstenaars uit die skool van Bernini uitgebeeld.

Volgens oorlewering het talle wonderwerke by Thomas se graf gebeur: selfs 'n dooie het lewendig geword! Omdat die monnike bang was dat sy liggaam gesteel sou word, het hulle hom glo in die nag elders gaan begrawe maar moes hom later weer in sy graf terugsit. Dit was egter nog nie die einde nie want die Dominikane was nie tevrede daarmee dat die oorskot van hul beroemde medebroeder in die besit van die Cistercyne was nie. Met goedkeuring van die pous word dit dan ook later na Toulouse in Frankryk geneem. Met hierdie herbegrafnis moes iets verkeerd geloop het want sowel die kerk by Fosso Nova as Toulosse spog vandag met 'n Thomasskedel. Die enigste oplossing is blykbaar dat die een die skedel van die jongere en die ander die van die ouere Thomas is!

**Persoonlikheid en werk.**

Afgesien van hierdie gegewens weet ons eintlik heel weinig van Thomas. Uit sy werke self kan feitlik niks aangaande homself afgelei word nie. Waar 'n mens in die geval van bv Augustinus — selfs in 'n abstrakte werk soos die *De Trinitate* — steeds daarvan bewus is dat dit deur 'n mens van vlees en bloed geskrywe is, is Thomas se werke baie saaklik. Hy moes 'n besonder indrukwekkende figuur gewees het met 'n lang en regop gestalte en 'n geweldige groot kop op die forse liggaam. Van geaardheid was hy nederig, vriendelik en vredeliewend en sy behoeftes weinig. Hy het hom aan een taak, nl sy studie en onderrig gewy en moes 'n geweldige konsentrasievermoë gehad het want daar word beweer dat hy aan tot drie sekretarisse gelyktydig verskillende tekste kon dikteer.

Die feit dat hy hom tot een taak beperk het en nie sy kragte versplinter het nie, tesame met die feit dat hy selfs gedurende onrustige, beroerde tye rustig met sy werk kon voortgaan, asook die besondere konsentrasievermoë verklaar iets van die geweldige produktiwiteit van hierdie man oor 'n tydperk van bietjie meer as twintig jaar. In vertaalde vorm (Engels) beslaan sy laaste werk, die *Summa Theologica* 22 boekdele. Ons besit altesaam meer as sestig geskrifte van hom. Volgens berekening sal die voltooide kritiese uitgawe van sy *Opera Omnia* 75 foliogrootte volumes (elk ongeveer 250 paginas) beslaan!

In 'n volgende artikel hoop ons om, behalwe 'n kort tipering van Thomas se denke, meer te vertel van wat alles tydens die kongres gebeur het en enige algemene indrukke oor die huidige stand van die Thomisme te gee.

B J VAN DER WALT
PU VIR CHO